Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 8 Februarie 2009
(Elektronies by www.bergbron.org.za)

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Baie welkom!

Baie welkom in die Here se huis en tussen mense wat Hom dien.

Erediens ...

Vandag se erediens word gelei deur dr. Leon van Niekerk.
Lees: 1 Timoteus 6: 11- 21
Teks: 1 Timoteus 6: 17
God wil ons bewus maak van sy versorging, gee Hom erkenning daarvoor.

♥ Omgee ...

- Oom Ben van der Merwe is verswak weens vernouïngs in die are van sy hart.
- Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Johan Vorster na 'n hartklep- en knievervanging weer begin werk het.

ONS BID VIR ELKEEN WAT DIE HERE SE TROOS EN KRAG NODIG HET

Gebed en Voorbidding: 1. Ons verhef God se Naam, JAHWEH-ELOHEENI: Ons verhef u Naam as 'Here, ons God'. Deut. 6: 4. Mag alle volke U 'die Here, ons God' begin noem.
2. Uitreikbediening: Samuel: van die DRK. Vanjaar in sy eerste studiejaar by Mukhanyo Teologiese Kollege, word ondersteun deur Vision to Africa.
3. Die verkiesing: Armoede en Werkloosheid – vra die Here om in elkeen se behoeftes te voorsien en dat die regering sal fokus op werkskepping.

† Kategese ...

- Les 2 in die klein klasse na die erediens.
- Ds. Stephan se katkisasiegroep kom weer DV vanmiddag om 17:00 in die groot klaskamer bymekaar. Al die ouers van die katkisasiegroep vergader ook DV vanmiddag tussen 17:00 en 18:00 in die kerkgebou.
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

◊ Offergawes:

- Kollekte tydens die diens: Altyd vir die versorging van behoeftiges.
- Deurkollekte vandag: Witwatersrandse Bedieningsfonds.

Wil jy by die gemeente aansluit? Vul asseblief 'n pienk vorm in - op die tafel by die deur. Kom geniet direk na die diens iets in die saal en ontmoet gerus die predikante en ander lidmate. Bel ds. Stephan (011-477-2133 of 082 253 3029).

☼ Afkondigings ...

- **Engelse erediens** vanaand om 18:00.
- Die volgende **Oorwinnaarskamp** word beplan vir DV **13 - 15 Maart 2009**. Ons begin reeds 4 weke vooraf op Woensdagaande met die teorie van die kursus. Die eerste Woensdagaand is DV 18 Februarie 2009 om 19:00 - 20:00. Enigiemand wat belangstel om die kursus en kamp by te woon, moet hulle name vir Ds Stephan gee.
- Die volgende **FFI vlak 1** word beplan vir DV **19 - 21 Februarie 2009**. Dit is 'n wonderlike naweek waar jy geleer word om jou identiteit in Christus in verhoudings uit te leef. Almal wat belangstel, kan hulle name vir Ds Stephan gee.
- Ons beplan 'n Jeugkamp vir al die **Graad 7 – 12's** vir die naweek van **6 - 8 Maart 2009**. Maats buite die gemeente kan ook saamgaan en die ouers moet dit asseblief vir die kinders moontlik maak om saam te gaan.
- **Teeskink:** Vandag skink Elzette van Niekerk en haar groep. Volgende Sondag is dit Marié Scholtz, Tania Becker, Ina Coetzee, Rita Kruger en Ankie de Klerk se beurt. Tee, ens. sal buite **voor die kerkgebou** bedien word.
- **Op Kennisgewingbord**: Sustersaamtrek, 7 Maart by NG Roodekrans; Fees 150
- Vir afkondigings of berigte (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (**011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286**).
- **Kamer te huur**
  – kontak Marietjie Greeff (082 602 3023)

1. Kamer met gedeelde badkamer – R 1 500 p.m.

Vroue-aksie:
* **Almal bo 60** – ons beplan 'n lekker kuier by "Second Cup" DV op Woensdag, 11 Februarie (vertrek 09:00 van die kerk). Sê asb. vandag vir Gert Prinsloo of Ankie as jy saamgaan.
* **Saamtrek** – laat weet asb. vir Ankie of jy beplan om te gaan – die susters van Krugersdorp wil graag getalle hê.
* **Handdoeke** – as jy dalk handdoeke kan skenk vir gebruik by die kerk, gesels asb met oom Hendrik (6 handdoeke is ook van die items wat gesteel was).

♫ Gereelde byeenkomste ...

- Engelse uitreikdiens elke Sondagaand om 18:00
- Tirisano: Dinsdag 17:00-19:00, Woensdag 17:00-19:00 en Donderdag 17:30–19:30 – dis Maureen Mooki se klasse, gebeds- en Bybelstudiebyeenkomste vir ongeletterde volwassenes in die saal.
- Gebedsgeleenthede – maak asseblief tyd en kom bid saam! Gee gerus spesifieke gebedsversoeke deur aan Marietjie Greeff, leier van die Diensgroep vir gebed en voorbidding: 011-672 0241 (huis), 082 602 3023, faks: 011 472-4417 of bid@bergbron.org.za Sondae 08:45 op die verhoog. Gebedsaande is nou **Donderdae** 18:00 in die Kerkgebou.
- Die selgroep vir oueres vergader Woensdae om 09:45. Ons drink eers saam tee, kuier en doen Bybelstudie en voorbidding - bel vir Danie en Johanna de Klerk (011 673-4483) met gebedsversoeke of as jy vervoer nodig het.
- Musiekoefening vir die sangers: Maandae 19:00-21:00. ♫♪♫♪

Die Lewende Woord vir jou vandag…

Prediker: Dr. Leon van Niekerk

Skriflesing: 1 Timoteus 6:11-21 (Teks : 17)

Tema: God wil ons bewus maak van sy versorging, gee Hom erkenning daarvoor.

1. God gee wat nodig is en versorg die mensdom met alles wat hulle nodig het. Sy besondere versorging van gelowiges oor eeue heen is in die Bybel opgeteken. Ons ken God as ons versorger.
2. Besef jy waar jou “daaglikse brood” vandaan kom? En vestig jy jou hoop daarop? Wie sy middele alleen maar as “iets wat ek in die sweet van my aangesig verdien het” sien, kan maklik God se genade in die proses miskyk en sy hoop vir elke dag alleen maar in sy/haar geld en rykdom laat. Jou daaglikse brood gaan deur baie hande voor dit op jou tafel kom, al hierdie hande kan vervang word en jy sal steeds brood op die tafel hê, maar niks en niemand kan God se versorgende hand daaragter vervang nie.
3. Bly biddend opkyk na die Here vir jou versorging elke dag en leef dankbaar vir al die hande waarmee Hy versorg.

Lekker verjaar ...

Verjaardae vandag en hierdie week:

08/02	Nicolette Fritz		0114775714
08/02	Arnold Greyling	0823771836	0116732628
09/02	Neels Beyleveldt	0828750128	0114778918
09/02	Kallie Venter	0835086993	0115343491
11/02	Louisa van Zyl	0726881222	0796657885

Mag die Here heeljaar saam met jou loop

Iewers gelees:

Kinders leer wat hulle leef...

As 'n kind met kritiek leef leer hy om te veroordeel.
As 'n kind met vyandigheid leef leer hy om te twis.
As 'n kind met bespotting leef leer hy om sku te wees.
As 'n kind met verdraagsaamheid leef leer hy om geduldig te wees.
As 'n kind met skande leef leer hy om skuldig te voel.
As 'n kind met aanmoediging leef leer hy selfvertroue.
As 'n kind met eer leef leer hy om te waardeer.
As 'n kind met sekuriteit leef leer hy om geloof te hê.
As 'n kind met regverdigheid leef leer hy geregtigheid.
As 'n kind leer om veilig te leef leer hy om ongelukke te voorkom.
As 'n kind met goedkeuring leef leer hy om van homself te hou.
As 'n kind met aanvaarding en vriendskap leef leer hy om liefde in die wêreld te vind.

Bergbron besonderhede...

Ds. Stephan Briel – gemeentepastor en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Noel Bowers – English ministry: 082 823 3244, noelcmn@hotmail.com
Dr. Leon van Niekerk – pastorale sielkundige en leraar: 011 472 9966, 082 577 9013, leonvn@uj.ac.za

koster@bergbron.org.za	Hendrik Fritz	082 688 6974
musiek@bergbron.org.za	Miriëtte Hoogendyk	072 243 8600
susters@bergbron.org.za	Ankie de Klerk	011 672 7130

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 0180 350 349
Kantoorure: Dinsdae, Donderdae en Vrydae van 09:00 tot 13:00. **Tel. 673 9705**